



## **BELEID/POLICY No. 14.1 – Toegangs Beheer / Access Control** **– Mei / May 2022**

**OORSIG** – Toegangsbeheer by die hoofhek is deur middel van selfoon tegnologie sowel as afstandbeheer eenhede. Selfoon toegang is kosteloos maar daar moet voldoende lugtyd op u selfoon gelaai wees om die hek te aktiveer. Afstandbeheer eenhede kan van die aangewese HEV bestuurslede aangekoop word. Slegs HEV aangekopte afstandbeheer eenhede sal geaktiveer word. Slegs die aangewese HEV bestuurslede kan toegang en ander funksies aktiveer of de-aktiveer. Beide die Vodacom en MTN nommers kan die hek aktiveer.

**OVERVIEW** – *Access control at the main gate is obtained via mobile (cellular) telephone technology as well as remote control units. Cellphone access is free, but sufficient airtime must be loaded on your mobile phone to activate the gate. Remote control units can be purchased from allocated HOA members. Only remote control units purchased from the HOA will be activated. Only the allocated HOA management members can activate or de-activate access and other functions. Both the Vodacom and MTN numbers can activate the gate.*

1. Slegs vyf (5) selnommers per wooneenheid word toegelaat. / *Only five (5) cell numbers per unit/house are allowed.*
2. Om afstandbeheer eenhede te beperk (want dit word 'n sekuriteits risiko indien dit gesteel of verloor word), word daar slegs twee (2) per eenheid toegelaat. / *To limit the number of remote control units (because it becomes a security risk if they get stolen or lost), only two (2) per unit are allowed.*
3. Rapporteer assiebly dadelik indien u afstandbeheer eenheid vermis gaan. Verskaf eenheid, die naam en gepaardgaande selfoon no. / *Please report a lost or stolen remote control unit so that it can be removed from the system. Provide unit, the name and associated cell no.*
4. Slegs die huiseienaar kan aansoek doen vir nommers om opgesit of afgehaal te word by sy/haar eenheid. Die aansoek moet skriftelik of elektronies by die HEV ingedien word. Die naam van die eienaar en wooneenheid nommer moet duidelik gespesifieer word / *Only the home owner may apply for numbers to be added or deleted for his/her unit. The application must be addressed to the HOA in writing or by electronic means. The name of the owner and unit/house number must be clearly specified.*

5. Die selnommer, Naam en Van van die applikant moet gespesifieer word. / *The cell number, Name and Surname of the applicant must be specified.*
6. Toegang kan vir alle ure, sekere ure of sekere datums ge-allokeer word. / *Access can be allocated for all hours, specific hours or specific dates.*
7. Die Accentronix stelsel moet die selnommer erken. Indien die selfoon gestel is op "private number", kan dit nie die hek oopmaak nie. VoIP oproepe soos Whatsapp kan ook nie die hek oopmaak nie. / *The Accentronix system must recognize the cell number. Should the phone be set to "private number", it cannot activate the gate. VoIP calls like Whatsapp will also not activate the gate.*
8. Voertuig of voetganger wydte kan gekies word. / *Vehicle or pedestrian modes can be selected.*
9. Vingerafdruk toegang is moontlik, maar slegs vir voetgangers. / *Finger print access is possible, but only for pedestrians.*
10. Om nommers te aktiveer, kan tot 5 dae neem. / *It can take up to five days to activate numbers.*
11. Sien asb Beleid 17.1 vir huurder of nuwe eienaar besonderhede benodig, **voordat** nommers op die stelsel gelaai sal word. / *Please see Policy 17.1 for lessee or new owner details required, before they will be added to the system.*
12. Die prys van afstandbeheer eenhede word deur die HEV vasgestel en van tyd-tot-tyd hersien. / *The price of the remote control units is determined by the HOA and will be revised from time to time.*
13. Om afstandbeheer eenhede te aktiveer, kan tot tot 5 dae neem, afhangende van eenhede in voorraad is. / *It can take up to five days to activate remote control units, depending on availability.*
14. Die karavaanpark sekuriteit kan nie die ingangshek aktiveer nie. / *The caravan park security cannot activate the entrance gate.*
15. Inwoners wat naby die ingangshek bly, sal nie die hek op aanvraag oopmaak nie. / *Residents close to the entrance gate will not open the gate on request.*
16. Geen getoet of geroep by die hek sal verdra word nie. / *No hooting or calling at the gate will be tolerated.*
17. Inwoners wat die hek aktiveer om 'n persoon of persone in te laat, neem volle




verantwoordelikheid vir die aksies van daardie persoon of persone binne die kompleks./

*Residents activating the gate to give access to a person or persons, accept full responsibility for the actions of such a person or persons within the complex.*

18. Die hek ingang en uitgang areas word gemonitor deur geslote kring kameras en HEV bestuur behou die reg voor om die beelde te stoor, te besigtig en te kopieer./ *The gate entrance and exit areas are monitored by closed circuit cameras and the HOA reserves the right to store, view and to copy the images.*

Voorsitter / Chairman



Onder voorsitter / Vice chairman

